07 November 2019

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer

- Lokale weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir die VSA, Brasilië en Argentinië

Pariteite

Invoer en uitvoer pariteite van geelmielies

Internasionale landbou

- VSA aanplantings vordering vir sojabone en mielies
- VSA graankondisies en opkomsverslag

Lokale landbou

- Weeklikse progressiewe produsente lewerings
- In-en Uitvoere van mielies

Wisselkoers

Oorsig oor die beweging tussen die ZAR en VSA dollar

Prys risiko bestuur

Lang termyn opsie strategie

NASIONALE

WEER



14-Dae voorspelling:

Die nuuste weervoorspelling dui aan dat dele van die land veral die oostelike dele van die land baie goeie reënval oor die volgende twee weke kan verwag
.

NASIONALE

WEER

El Nino-suidelike ossillasie

Opsomming:

Die El Nino-suidelike ossillasie is tans neutraal, en aanduidend van geweldige wisselvallige en onsekere reënval vooruitsigte vir die seisoen.



Opmerkings:

- Suid-Afrikaans reënval vooruitsigte vir November ‘19 tot Januarie ‘20 is onder-gemiddeld vir verre ooste en bo-gemiddelde vir die weste.
- Verdere onder-gemiddelde reënval word verwag vir die ooste wat sal ver =sprei oor die land tussen Januarie tot Maart 2020.
- Hoër as gemiddelde temperature word oor die hele land verwag regdeur die somerseisoen.

RANDAGRI

Tien dae weervooruitsig: Noord-Amerika

Droë weer word verwag oor die mielie-gordel met oesstyd tans op volle dreef is. Die droë omstandighede sal die stroop tempo van mielies en sojabone ondersteun.



INTERNASIONALE

WEER

Tien dae weervooruitsig: Suid-Amerika

Brasilië kan goeie reënval verwag wat grondvog sal ondersteun en aanplantings aanmoedig.

Geen merkwaardige reënval word vir Argentinië voorspel waar aanplantings reeds agter die gemiddele is.



RANDAGRI

PARITEITE



	Nov-19	Des-19	Mar-20	Jul-20
Invoerpariteit PMB	R3 203	R3 190	R3 292	R3 328
Invoerpariteit Kaap	R2 954	R2 939	R2 944	R3 043
SAFEX geelmielies	R2 655	R2 678	R2 682	R2 620
Uitvoerpariteit	R2 371	R2 394	R2 456	R2 498

LANDBOU

VSA graan groei fases



NASIONALE

LANDBOU

Produsente lewerings soos op 18 Oktober

Mielies

Huidige jaar:

Witmielies = 5 082 698t

- 92% van oes gelewer

Geelmielies = 5 002 398t

- 89% van oes gelewer

5 jaar gemiddeld:

Witmielies:

- 90% van oes gelewer

Geelmielies:

- 85% van oes gelewer

Sojabone

Huidige jaar:

= 1 120 819t

- 96% van oes gelewer

Vorige jaar

= 1 484 002t

- 97% van oes gelewer

Sonneblom

Huidige jaar:

= 671 932t

- 99% van oes gelewer

Vorige jaar:

= 856 148t

- 99% van oes gelewer

LANDBOU


Produsente lewerings: Mielies
WM
YM
900 000
800 000
700 000
600 000
500 000
400 000
300 000
200 000
100 000
0
27/04 - 03/05/2019
04/05 - 10/05/2019
11/05 - 17/05/2019
18/05 - 24/05/2019
25/05 - 31/05/2019
01/06 - 07/06/2019
08/06 - 14/06/2019
15/06 - 21/06/2019
22/06 - 28/06/2019
29/06 - 05/07/2019
06/07 - 12/07/2019
13/07 - 19/07/2019
20/07 - 26/07/2019
27/07 - 02/08/2019
03/08 - 09/08/2019
10/08 - 16/08/2019
17/08 - 23/08/2019
24/08 - 30/08/2019
31/08 - 06/09/2019
07/09 - 13/09/2019
14/09 - 20/09/2019
21/09 - 27/09/2019
28/09 - 04/10/2019
05/10 - 11/10/2019
12/10 - 18/10/2019
19/10 - 25/10/2019
26/10 - 01/11/2019


Produsente lewerings: Oliesade
SOYA
SUNS
200 000
180 000
160 000
140 000
120 000
100 000
80 000
60 000
40 000
20 000
0
23/02 - 01/03/2019
02/03 - 08/03/2019
09/03 - 15/03/2019
16/03 - 22/03/2019
23/03 - 29/03/2019
30/03 - 05/04/2019
06/04 - 12/04/2019
13/04 - 19/04/2019
20/04 - 26/04/2019
27/04 - 03/05/2019
04/05 - 10/05/2019
11/05 - 17/05/2019
18/05 - 24/05/2019
25/05 - 31/05/2019
01/06 - 07/06/2019
08/06 - 14/06/2019
15/06 - 21/06/2019
22/06 - 28/06/2019
29/06 - 05/07/2019
06/07 - 12/07/2019
13/07 - 19/07/2019
20/07 - 26/07/2019
27/07 - 02/08/2019
03/08 - 09/08/2019
10/08 - 16/08/2019
17/08 - 23/08/2019
24/08 - 30/08/2019
31/08 - 06/09/2019
07/09 - 13/09/2019
14/09 - 20/09/2019
21/09 - 27/09/2019
28/09 - 04/10/2019
05/10 - 11/10/2019
12/10 - 18/10/2019
19/10 - 25/10/2019
26/10 - 01/11/2019

NATIONAL

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoere =368 517t
- Invoere = 0t

Geelmieles

- Uitvoere =178 334t
- Invoere =333 580t



R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die Suid-Afrikaanse rand handel oor die algemeen sterker teenoor die Amerikaanse dollar in vergelyking met die vorige week.

Tydens SAFEX handelsure het die ZAR tussen R14.76 en R14.82 verhandel.

Naby afsluiting het die ZAR op R14.86 verhandel wat lokale pryse ondersteun het en mielie verliese beperk het.

NUUS

Vroeë reënval en sneeu verhinder VSA oe.

Die oes proses in die noordelike dele van die mielie-gordel is gestaak weens sneeu neerslae en vroeë reënval.
Minnesota en North Dakota is twee van die state wat die ergste getref is en is heel toevallig ook die twee state wat die meeste gesukkel het met hulle aanplantings vroeër die jaar. Die twee state is ook die ergste aangeraak met die handelsoorlog met China, aangesien hul afhanklik is van uitvoere na Asië.

Meer kan gelees word by:
https://www.reuters.com/article/us-usa-crops/rain-early-snows-delay-u-s-harvest-in-latest-blow-to-farmers-idUSKBN1XB3TA

Suid-Afrika het drie-maande om ekonomie om te draai

Alhoewel die krediet graderings maatskappy "Moody's" Suid-Afrika weereens 'n afgradering gespaar het, gee Moody's Suid-Afrika slegs drie maande om sy finansies in orde te kry en 'n positiewe ekonomiese groei te bevorder.
Vooruitsigte dui aan dat Suid-Afrikaanse skuld na BBP steeds na 80.9% kan vermeerder in 2028 indien daar nie dringende veranderings in plek gesit word vir die land se ekonomie nie
Meer kan gelees word by:
https://www.moneyweb.co.za/news-fast-news/sa-has-three-months-to-defend-investment-grade-rating/

Suid-Amerikaanse aanplantings vordering

Brasilië is tans volspoed besig met sojaboon aanplantings, 46% is reeds aangeplant, maar. is egter steeds 'n maand agter die gemiddelde aanplanitngs tempo weems droë weeromstandighede.
Argentinië se mielie-aanplantings staan huidiglik op 40. Diie tempo is egter baie na aan die 5-jaar gemiddeld, maar sekere dele van die land veral die weste en suide staak steeds aanplantings weens 'n gebrek aan grondvog en 'n geen goeie weervooruitsigte.

Meer kan gelees word by:
http://www.soybeansandcorn.com/News

OPSOMMING

- Beter weervooruitsigte vir die oostelike dele van Suid-Afrika, wat dui op moontlik goeie reënval, plaas lokale graanpryse onder druk.
- Die El-Nino is steeds op neutraal geklassifiseer. Onder-gemiddelde reënval word verwag oor die ooste van ie land tydens die somerseisoen.
- Brasilië vewelom goeie verwagte reënval binne die volgend twee weke wat aanplanting sal ondersteun.
- Argentinië kan wel ‘n verdere droë twee weke verwag wat die land se aanplantings tempo onder hewige druk sal plaas veral in die weste en die suide.
- “n Swakker rrand het die graanmark vandag (16 November) ondersteuning gebied, sojabone het positief gesluit en erge verliese op mielies is beperk.

PRYS

RISIKO BESTUUR



Wat word gedoen:

- Koop “call”-opsie teen R3 100
- Verkoop “put”-opsie teen R2 800
- Verkoop 2 x “call”-opsies op R4 000

Waarom lang-termyn opsie strategie?

Die strategie word gewoonlik geimplimenteer indien die kliënt sy graan wil bemark, maar steeds wil deelneem aan die mark aangesien hy dink daar is ‘n moontlikheid van groei (‘n opwaartse beweging). Normaalweg sal die kliënt ‘n 70/30 strategie implimenteer waar hy ‘n vasteprys vasmaak en dan op ‘n verdere maand ‘n posisie aankoop. Die risiko is dat vir elke rand wat die mark afbeweeg dit vir die kliënt se rekening is.

Uitkoms:

- Indien die **mark opwaarts beweeg**, deel die kliënt in die winste tussen die R3100 vlak, tot en met die R4 000/t vlak (“call”-opsie}.
- Indien die **mark daal** verloor die kliënt geen geld tot met die R2 800 vlak nie (“put”-opsie).
- Sou die mark **onder die R2 800 vlak beweeg**, koop die kliënt sy graan terug teen R2 800 en ontvang ‘n lang 'futures" posisie.
- Dus as die mark beweeg na R 2500, verloor die kliënt R300/t en is dit sy verpligting om die R300 in te betaal.

Vandag se volhoubare boerdery is gebou op die grondslag wat ons oupas, hulle pa's en Kynoch gelê het. Nou, na meer as 'n eeu en met hernude energie, bou Kynoch hierop voort om 'n steeds volhoubare toekoms vir toekomstige generasies te help skep.

Derhalwe het ons ons fokus verder verskerp om onder andere produkte te ontwikkel wat ons produsente voorsien van innoverende tegnologieë wat die werking van bemesting en gewasse verbeter.

Met ons visie om die Kynoch-handelsnaam en -voetspoor in Suid-Afrika en suidelike Afrika uit te brei en die voorste verskaffer van volhoubare plantvoedingsoplossings te wees, gaan ons die toekoms vol vertroue tegemoet.

Skaar jou dus gerus by die voorste invoerder, vermenger en kleinhandelaar van die mees uitgebreide reeks kunsmisprodukte in suidelike Afrika … want in 110 jaar het ons nog nooit op ons louere gerus nie … inteendeel, ons gryp voortdurend verandering en innovasie aan, want dit is wat ons op die voorpunt hou.

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

Kynoch

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | **www.kynoch.co.za**

Nie handeldrywend in die Wes-Kaap nie.

Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer Reg. nr: 2009/009254 1/07



KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: 24 Samora Machel Straat,
Middelburg, Mpumalanga